higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5

(Tweede vraestel)

25 Mei 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Ekonomie✓

- Ondernemings maak staat op land se ekonomie om te oorleef. Indien die land se ekonomie nie goed genoeg vaar sodat die meeste mense werk het nie, sal Yellow Bone se onderneming ook nie goed vaar nie, omdat die swak ekonomie huishoudings se besteebare inkomste sal verlaag, en hulle sal eerder geld aan vermaak of 'n paar luukse dienste bestee.✓
- Indien rentekoerse en inflasie besig is om te styg, sal dit ook 'n negatiewe uitwerking op Yellow Bone se onderneming hê aangesien leningskoste hoog sal wees.

Politieke kragte✓

- Elke land het wette en regulasies wat sy landsburgers regeer. Die invloed van enige van die volgende drukgroepe – die regering, opposisiepartye, vroueregtegroepe, Mededingingskommissie, vakbonde, vername belanghebbers en godsdiensgroepe wat daarteen gekant is dat meisies aan sport buite hul gemeenskappe deelneem, kan 'n negatiewe invloed op Yellow Bone se onderneming hê. ✓

Kulturele kragte✓

- Suid-Afrika het 'n baie ryk kultuur. Die kultuur om nie meisies toe te laat om (net soos hul manlike eweknieë) aan sport deel te neem nie, sal Yellow Bone se onderneming negatief beïnvloed: hy gaan sukkel om ouers te oortuig om hul dogters toe te laat om by die sokkerakademie aan te sluit.✓

Tegnologiese kragte✓

- Die vlak van modern kennis, hulpmiddels en tegnieke is uiters innoverend. Suid-Afrika moet met die veranderinge in die wêreld tred hou. Yellow Bone Academy kan negatief beïnvloed word as ons kennis van sport nog naïef is.✓


Internasionale omgewing✓

- Die positiewe uitwerking van sport in die wêreld vandag kan nie onderskat word nie. Suid-Afrika kan nie agterbly nie. Enige negatiewe impak op internasionale sport sal Yellow Bone Academy beïnvloed, omdat belanghebbers nie die onderneming sal wil borg nie. Die situasie buite Suid-Afrika sal ook 'n negatiewe uitwerking hê op die moontlikheid om oorsee met die spelers te gaan reis.✓ (5 × 2) (10)

2.2
- Die werk- of postitel✓
- Pligte van die posbekleër✓✓
- Aard van die aanstelling (permanent of kommissiegebaseerd)✓
- Kwalifikasie van die posbekleër, wat onder andere bestuursvaardighede en kennis van sokker moet insluit ✓
- Ervaring en vorige prestasies in sport – sokker✓
- Werkplek✓
- Werksomstandighede – salaris, verlof en ander voordele ✓
- Sluitingsdatum✓
- Kontakpersoon✓ (10)

2.3 Dit is nie baie maklik om 'n groep te motiveer nie, omdat mense almal verskil; Yellow Bone kan dus enige van die volgende gebruik:
- Stel 'n doelwit en betaal hulle nadat hulle die doelwit bereik het, bv. wen 'n wedstryd.
- Speel 'n prominente rol in die wedstryd
- Ontwikkel hulle op akademiese vlak
- Gee vir hulle verantwoordelikhede
- Gee vir hulle seggenskap in die keuse van die spelers vir 'n bepaalde wedstryd
- Redelike maandelikse besoldiging en toelaes
- Sosiale interaksie
- Vryheid van assosiasie
- Glo in die spelers (Enige 5 × 2) (10)

2.4 'N ORGANISATORIESE STRUKTUUR



(8)

(2 punte vir hoofkantoor en 1 punt vir elke addisionele blok)

2.5.1 Opbrengs op Bate

$$\frac{\text{Netto Wins voor Belasting} \times 100}{\text{Totale Bates}}$$ ✓

$$\frac{292\,950 \times 100}{580\,000}$$ ✓✓

50.51%✓✓ (5)

2.5.2 Belasting betaalbaar aan SAID

$$\frac{25 \times 292\,950}{100}$$ ✓

R73 237.50✓✓ (3)

2.5.3 Opbrengs op Bate na Belasting

$$\frac{\text{Netto Wins voor Belasting} \times 100}{\text{Totale Bates}}$$

$$\frac{292\,850\text{-}73\,237.50 \times 100}{580\,000}$$

$$\frac{219\,612.50}{}$$ ✓✓ $\times 100$ (4)

580 000

37 86%✓✓

[50]

VRAAG 3

3.1 Aanstelling van 'n geskikte patrolliekoördineerder

- Stap 1: Aanvanklike onderhoud – telefoon of persoonlike navraag deur applikant/aansoek
- Stap 2: Aansoekvorm – verkry persoonlike inligting oor die applikant/aansoek
- Stap 3: Die onderhoud – direkte kontak met die applikant en opdrag aan die gemeenskap
- Stap 4: Toetse – toets vaardighede, byvoorbeeld bestuur, reaksie op alarm
- Stap 5: Goedkeuring – ervaring op die betrokke werksterrein
- Stap 6: Fisiese ondersoek – fisiese toetse, byvoorbeeld hand-oog-koördinasie
- Stap 7: Induksie – bekendstellings aan die gemeenskap en die organisasie asook aan posbeskrywing (7 × 2) (14)

3.2 Taakveralgemening impliseer dat 'n werker 'n wye omvang en verskeidenheid take kry om te verrig.
Voordele:
- Uitdagings aan elke werker
- Vervanging is moontlik
- Ontwikkeling van deskundigheid
- Beter gehalte
- Spesifikasie is moontlik
- Geen eentonige roetine nie
- Hoër produktiwiteit (Enige 2 × 2) (4)

3.3 Naam
- Duduza patrolliedienste✓✓
- Duduza teen misdaad projek
- Genoeg is genoeg in Duduza (Enige voorstel)
- Maklik om te identifiseer✓✓
- Maklik om te sê
- Maklik om te onthou
- Relevant vir die gemeenskap (relevante motivering)

(2 punte vir enige naam en 2 punte vir rede)(2 × 2) (4)

3.4 Basiese Inkomstestaat

Inkomste (bydraes) 200x1500		R 300 000.00✓✓
Minus uitgawes:		(R 277 280.00)✓✓
Lugtyd-en telefoonuitgawes	R 14 000.00✓	
Salarisse en lone	R 178.000.00✓	
Motoruitgawes	R 51 000.00✓	
Personeeluniforms	R 8 000.00✓	
Personeelvoordele	R 25 000.00✓	
Fluitjies aan huishoudings	R 1 280.00✓	
Oorskot/surplus		R 22 720.00✓✓

(12)

3.5 Wet op Basiese Diensvoorwaardes
Die Wet sal die bestuurspan van Duduza se gemeenskapspatrollie help om elke werknemer se minimum werksomstandighede en voorwaardes te bepaal.✓✓ Dit sluit in werksure, jaarlikse verlof, kraamverlof en regulasies ten opsigte van siekverlof.✓

Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes
- Dit maak voorsiening vir die vergoeding van werkers en hul afhanklikes vir verlies aan inkomste as gevolg van 'n gestremdheid wat deur 'n ongeluk by die werk veroorsaak is.
- Dit is 'n tipe versekering vir werkers. (2 × 4) (8)

Kopiereg voorbehou

3.6
- Geaffekteerde persone sal dalk nie kan werk nie.
- Geaffekteerde persone benodig aansienlike mediese sorg, wat 'n negatiewe uitwerking op die onderneming se produktiwiteit/uitsette sal hê.
- Dar sal 'n afname wees in die ekonomiese welvaart van die gemeenskappe met 'n beduidende vigs-geïnfekteerde bevolking.
- Geskoolde arbeid kan verminder.
- Daling in produktiwiteit weens die verlies aan jong en geskoolde arbeid.
- Styging in mortaliteit sal die stelsel wat menslike kapitaal en investering in mense genereer, verswak deur verlies aan inkomste en die afsterwe van ouers.

(Enige 4 × 2) (8)

VRAAG 4

4.1
- Beter klantediens en waarborge
- Bekostigbare prys
- Tydige dienste
- Vars en gesonde kos
- Kredietverlening
- Afslag op hoeveelheidsverkopings
- Maandelikse promosie
- Reklame en promosies moet in klante se behoeftes voorsien.
- Verbeterings aan produksie en dienste.
- Produkdifferensiasie
- Substituutgoedere en -dienste (Enige 3 × 2) (6)

4.2 Konsep van etiek
- Etiek verwys na morele beginsels of 'n stel waardes wat deur 'n individu of groep gehuldig word.
- Om die koste van ons produkte te evalueer.
- Voldoen aan die bepalings en voorwaardes van ons gekose produkte.
- Om ware en tydige inligting aan ons klante te verskaf.
- Om ander mense se persoonlike en sensitiewe inligting te beskerm.
- Om te besluit watter dienste of produkte vir ons klante voordelig is.
- Om al ons klante met respek te behandel. (Enige 5 × 2)

Etiese beginsels
- Om produkte te verskaf wat waarde vir geld bied.
- Om ons klante se welsyn bo ons winsmarge te plaas.
- Om verbind te wees tot die ingesteldheid en gees van vertroue, integriteit en regverdige transaksies met ons klante en mededingers.
- Die voordeel van die produkte moet wees soos wat dit geadverteer is.
- Gekwalifiseerde mense moet aangestel word.
- Moet eties regverdig en deursigtig wees in transaksies met derde persone.
- Daartoe verbind om regverdig in die mark mee te ding en sal nie samespanningsooreenkomste aangaan met mededingers of verskaffers wat klante, verskaffers of mededingers benadeel of met vrye mededinging in die mark inmeng nie (Enige 5 × 2) (10)

4.3
- Die beheerhulpbronne
- Normale sake-aktiwiteit
- Rekeningkundeboeke
- Voorraadboeke
- Verkoopsyfers
- Afwesigheidsregister
- Produksieskedule
- Regstellende maatreëls of optrede (Enige 6 × 2) (12)

4.4 4.4.1
- Prysbepalingstruktuur✓ – Beskikbaarheid van afslag; betalingsmetode; prysmededingendheid met ander verskaffers ✓
- Aflewering✓ – Lewer hulle af, gepaardgaande koste, betyds en kort kennisgewing ✓
- Betroubaarheid✓ – Betroubaarheid van die verskaffer ✓
- Gehalte✓ – Die beste gehalte grondstowwe en ander dienste ✓
- Diens✓ – Doeltreffendheid van die verskaffers, hulle verkoopsmense en hul bydertydse kennis van die produk.✓

(5 × 2) (10)

4.4.2 $\frac{\text{Vaste koste} \times 100}{\text{Gemiddelde geweegde bruto winspersentasie}}$

$\frac{\text{R18 000✓} \times 100}{48✓}$

R37 500✓ (3)

4.4.3 $\frac{\text{Vaste koste}}{\text{Verkoopprys – kosprys}}$

$\frac{\text{R18 000✓}}{\text{R35✓–R18✓}}$

$\frac{18\,000}{17✓}$

1 058,82

1 059 eenhede✓ (5)

4.4.4 $\frac{\text{Vaste koste + winsprojeksie}}{\text{Gemiddelde geweegde bruto winspersentasie}}$

$\frac{\text{R18 000 + R5000✓} \times 100}{48}$

$\frac{2\,300\,000✓}{48✓}$

R47 916.67✓ (4)

[50]

VRAAG 5

5.1
- Dit skep werksgeleenthede in die gemeenskap. Van nature en per definisie is 'n entrepreneur 'n werkskepper, in teenstelling met 'n werksoeker. Wanneer jy 'n entrepreneur word, is daar een minder werksoeker in die ekonomie en jy verskaf werk aan verskeie ander werksoekers.
- Dra by tot die land se nasionale ekonomiese groei (BBP).
- Help met die ontwikkeling van die land deurdat belasting betaal word.
- Verbeter die gemeenskap se lewensomstandighede – Skep werk, ontwikkel en aanvaar innoverings wat ot die verbetering van werknemers, klante en ander belanghebbers in die gemeenskap se lewensgehalte lei.
- Help met maatskaplike ontwikkeling in die gemeenskap – Gemeenskapsontwikkeling vereis infrastruktuur vir onderwys en opleiding, gesondheidsorg en ander openbare dienste.
- Verskaf onderwysgeleenthede in sommige gemeenskappe.
- Welvaartskepping en -deling – Deur 'n sakeonderneming op te rig, belê entrepreneurs hul eie hulpbronne en lok kapitaal van beleggers, uitleners en die publiek. Dit mobiliseer openbare welvaart en stel mense in staat om by die onderneming se sukses te baat.
- Uitvoere – Elke onderneming moet kan uitbrei. Uitvoere kan een tipe uitbreiding wees, en kan lei tot groter markte, invloei van buitelandse valuta, beter tegnologieë, en maar stabiele inkomste gedurende ekonomiese afswaaifases in die plaaslike ekonomie.
- Gebalanseerde streeksontwikkeling – Vestiging van ondernemings in minder ontwikkelde en agtergeblewe gebiede lei tot die verbetering van infrastruktuur soos beter paaie, spoorverbindings, lughawens, stabiele elektrisiteit- en watervoorsiening, skole, hospitale, inkopiesentrums en ander openbare en privaat dienste wat andersins nie beskikbaar sou wees nie. (Enige relevante 3 × 2) (6)

5.2 Fisies
- Deur gesond te bly deur gereeld te oefen en 'n gebalanseerde dieet te volg, sal hulle help om op die onderneming te fokus.

Verstandelik
- Studeer – deur voortdurend tydskrifte en vakjoernale te lees en andere in die bedryf te raadpleeg, sal dit hulle help om op hoogte te bly van onlangse ontwikkelings in die bedryf.

Geestelik
- As 'n mens in iets groter as jyself glo, enige vorm van godsdiens volg, en enige tipe geestelike byeenkomste en vergaderings bywoon, kan dit uiters besielend wees.

Sosiaal/emosioneel
- Vergader en sosialiseer met ander entrepreneurs en leer uit hulle ervarings; behoort tot 'n familie of groep – dit sal 'n baie help om sakenetwerke te vestig en uit te brei. (4 × 2) (8)

5.3
- Sakeregistrasiesertifikaat
- Bewys van die onderneming se fisiese adres
- Die onderneming se kontantvloei
- Lys van die onderneming se bates
- Kontrakdokument
- Bankstaat as van 'n ander bank
- Eienaars se profiel
- Kollateraal aangebied
- Rede vir die lening
- Geprojekteerde opbrengs op die lening
- Vermoë om die lening terug te betaal
- Eienaars se persoonlike bates (Enige 5 × 2) (10)

5.4 5.4.1 $\sqrt{\frac{2DS}{H}}$ ✓

$\frac{2(1\,800)30}{R3}$ ✓✓

36 000

189, 74 eenhede ✓✓ (Indien die student 190 eenhede gebruik, gee volle punt) (6)

5.4.2 Herbestel = dL ✓

Daaglikse vraag × lewertyd

$\frac{1800(6)}{365}$ ✓

29,59 eenhede ✓✓ (4)

5.4.3 Totale koste = $DC + \frac{DS}{Q} + \frac{QH}{2}$

$$(1\,800)(7) + \frac{1\,800(30)}{189.74} + \frac{189.74(3)}{2}$$

12600 ✓ + 284,60 ✓ + 284,60 ✓

R13 169.20 ✓

OF

$$(1\,800)(7) + \frac{1\,800\,(30)}{190} + \frac{190\,(3)}{2}$$

12600 ✓ + 284,21 ✓ + 285 ✓

R 13 169,21 ✓ (4)

5.5
- Dit kan die basis bied om latere fisiese ondersoeke te vergelyk.
- Die bied gerusstelling dat die applikant 'n produktiewe lid van die onderneming of organisasie sal wees.
- Die verskaf addisionele inligting oor die applikant, wat in die keuringsproses nuttig gebruik kan word.
- Dit sal verseker dat die applikant fisies fiks en geestelik/verstandelik geskik is om aan die vereistes van 'n bepaalde pos te voldoen.

(Enige 3 × 2) (6)

5.6
- Bepaal doelwitte.
- Verleen voldoende gesag.
- Selekteer afgevaardigdes sorgvuldig.
- Stel nodige beheermaatreëls in.
- Wees 'n afrigter en nie 'n speler nie (fasiliteerder).
- Hou party belangrike take vir jouself om te verrig. (Enige 3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou